

Mr Lewis 1/2/6



DIE PROVINSIE TRANSVAAL  
**Offisiële Koerant**



THE PROVINCE OF TRANSVAAL  
**Official Gazette**

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. CLXXXIV.] PRYS 5c. PRETORIA, 30 JANUARIE 1963. PRICE 5c. [No. 3013.

**INHOUD AGTERIN.**

**CONTENTS ON BACK PAGES.**

**PROVINSIALE RAAD VAN TRANSVAAL.**

**HERVATTING VAN SESSIE.**

Aangesien dit nodig geag word dat die Provinsiale Raad sy sessie hervat, word daar kragtens die bevoegdheid wat die Raad by Besluit van 21 November 1962, aan mnr. die Voorsitter verleen het, hiermee bekendgemaak dat gemelde Raad op Dinsdag, 26 Februarie 1963, om 3.30 nm., te Pretoria byeen sal kom om sy werksaamhede te verrig.

Op las van mnr. die Voorsitter.

**D. M. DE WET,**  
Waarnemende Klerk van die  
Provinsiale Raad, Transvaal.

Provinsiale Raadsaal, Pretoria,  
24 Januarie 1963.

**PROVINCIAL COUNCIL OF TRANSVAAL.**

**RESUMPTION OF SESSION.**

As it is considered necessary for the Provincial Council to resume its session, it is hereby notified, in terms of the authority conferred upon Mr. Chairman by Resolution of the Council dated 21st November, 1962, that the said Council will meet at Pretoria, on Tuesday, 26th February, 1963, at 3.30 p.m., for the despatch of business.

By Order of Mr. Chairman.

**D. M. DE WET,**  
Acting Clerk of the Provincial  
Council, Transvaal.

Provincial Council Chambers, Pretoria,  
24th January, 1963.

No. 25 (Administrateurs-), 1963.]

**PROKLAMASIE**

**DEUR DIE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN DIE  
PROVINSIE TRANSVAAL.**

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Kinross Uitbreiding No. 5 te stig op Gedeelte 31 ('n gedeelte van Gedeelte G) van die plaas Zondagsfontein No. 124, Registrasie-afdeling I.S., distrik Bethal;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Januarie Eenduisend Negehoenderd Drie-en-sestig.

**S. G. J. VAN NIEKERK,**  
Waarnemende Administrateur van die  
Provinsie Transvaal.

T.A.D. 4/8/2168.

**BYLAE.**

**VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE  
GESONDHEIDSKOMITEE VAN KINROSS INGEVOLGE DIE  
BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-  
ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE  
STIG OP GEDEELTE 31 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE G)  
VAN DIE PLAAS ZONDAGSFONTEIN NO. 124, REGI-  
STRASIE-AFDELING I.S., DISTRIK BETHAL, TOEGESTAAN  
IS.**

**A—STIGTINGSVOORWAARDES.**

**1. Naam.**

Die naam van die dorp is Kinross.Uitbreiding No. 5.

**2. Ontwerpplan van die dorp.**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.1997/47.

6—3480157

No. 25 (Administrator's), 1963.]

**PROCLAMATION**

**BY THE ACTING ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE  
OF TRANSVAAL.**

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Kinross Extension No. 5 on Portion 31 (a portion of Portion G) of the farm Zondagsfontein No. 124, Registration Division I.S., District of Bethal;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twelfth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

**S. G. J. VAN NIEKERK,**  
Acting Administrator of the Province  
of Transvaal.

T.A.D. 4/8/2168.

**SCHEDULE.**

**CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE  
KINROSS HEALTH COMMITTEE UNDER THE PROVISIONS  
OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE,  
1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON  
PORTION 31 (A PORTION OF PORTION G) OF THE FARM  
ZONDAGSFONTEIN NO. 124, REGISTRATION DIVISION  
I.S., DISTRICT OF BETHAL, WAS GRANTED.**

**A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.**

**1. Name.**

The name of the township shall be Kinross Extension No. 5.

**2. Design of Township.**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.1997/47.

### 3. Water.

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is, om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste beskikbaar is en dat reëlins tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van die water en die retikulering daarvan deur die hele dorp. Hierdie reëlins sluit in 'n onderneming van die applikant om water na die straatfront van enige erf in die dorp te retikuleer wanneer aldus versoek deur die eienaar van die betrokke erf: Met dien verstande dat die applikant oortuig is van die *bona fide*-voorneme van sodanige eienaar om binne 'n redelike tyd te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlins uiteengesit word, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

### 4. Sanitêre dienste.

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlins getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

### 5. Elektrisiteit.

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlins getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

### 6. Mineraleregte.

Alle regte op minerale en edelgesteentes, met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna kan berus om te deel in die opbrengste wat moontlik aan die Staat kan toekom uit die verkoop van mynrege oor die dorp, asook die aandeel in kleimlisensiegelde en enige aandeel in huurgeld of winste wat moontlik aan enige eienaar kan toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp, en dergelike gelde, word aan die applikant voorbehou.

### 7. Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.

Beide erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte.

### 8. Toegang.

Erf No. 45 sal padtoegang hê slegs aan sy oostelike grens.

### 9. Nakoming van voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om dit applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

## B—TITELVOORWAARDES.

### 1. Erwe met sekere uitsonderings.

Die erwe uitgesonderd—

- (i) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
- (ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry of herverkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Raad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

### 3. Water.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire-fighting services, is available and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to reticulate water to the street frontage of any erf in the township when called upon to do so by the owner of the erf concerned provided the applicant is satisfied of the bona fide intention of such owner to build within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

### 4. Sanitation.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

### 5. Electricity.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

### 6. Mineral Rights.

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the State from the disposal of the under-mining rights of the township including the share of claim licence money and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township and the like, shall be reserved to the applicant.

### 7. Disposal of Existing Conditions of Title.

Both erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

### 8. Access.

Erf No. 45 will have road access only on its eastern boundary.

### 9. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## B—CONDITIONS OF TITLE.

### 1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of—

- (i) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
- (ii) such erven as may be acquired or re-acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

is onderworpe aan die onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

- (a) Die plaaslike bestuur en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.
- (b) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikheid van die omgewing benadeel nie.
- (c) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te graawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (d) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur, mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Bestuur op die erf aangehou of op stal gesit word nie.
- (e) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.
- (f) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op die erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(B) *Algemene woonerf.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erf No. 44 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet uitsluitlik gebruik word om daarop 'n woonhuis of woonstelgebou, losieshuis, koshuis of ander geboue vir sodanige gebruike soos van tyd tot tyd deur die Administrateur toegelaat word, na raadpleging met die Raad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue as waarvoor in 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word en voorts met dien verstande dat die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare vuilrioolstelsel verbind is nie.
- (b) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (c) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.
- (d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 20 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.
- (e) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie, behalwe met die toestemming van die Administrateur: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

- (a) The local authority and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.
- (b) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.
- (c) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (d) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, shall be kept or stabled on the erf.
- (e) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.
- (f) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *General Residential Erf.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erf No. 44 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon a dwelling-house or a block of flats, boarding-house, hostel or other buildings for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time after reference to the Board and the local authority: Provided that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required and provided further that until the erf is connected to a public sewerage system the buildings shall not exceed two storeys in height.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.
- (d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 20 feet from the boundary thereof abutting on a street.
- (e) In the event of a dwelling-house being erected on the erf not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf

enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word. Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R5,000 wees.

- (f) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

(C) *Spesiale woonerf.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erf No. 45 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Raad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue as waarvoor in 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.
- (b) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders het die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (c) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.
- (i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R5,000 wees;
- (ii) die hoofgebou, wat 'n voltoide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.
- (d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 20 voet van die oostelike grens en minstens 40 voet van die suidelike grens daarvan geleë wees.
- (e) As die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale-doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs slegs een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area. The dwelling-house exclusive of outbuildings to be erected on the erf shall be of the value of not less than R5,000.

- (f) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) *Special Residential Erf.*

Erf No. 45 shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (c) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf, shall be of the value of not less than R5,000;
- (ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.
- (d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 20 feet from its eastern boundary and not less than 40 feet from its southern boundary.
- (e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Servitude for Sewerage and other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeëdunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

3. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes beteken die uitdrukking "woonhuis" 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

4. *Staats- en munisipale erwe.*

As enige erf of erwe wat verkry word soos beoog in klousule B 1 (i) of verkry of herverkry word soos beoog in klousule B 1 (ii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

3. *Definitions.*

In the foregoing conditions the term "dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

4. *State and Municipal Erven.*

Should any erf or erven acquired as contemplated in clause B 1 (i) or required or re-acquired as contemplated in clause B 1 (ii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

**PROVINSIALE ADMINISTRASIE.  
ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.**

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 59.] [30 Januarie 1963.

**OPENING.—OPENBARE PAD, DISTRIK BETHAL.**

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Bethal goedgekeur het dat 'n openbare pad, 30 Kaapse voet breed, sal bestaan op die plaas Vaalkop No. 104—I.S., distrik Bethal, ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), soos op bygaande sketsplan aangetoon word.

D.P. 051-056-23/24/22/2.

**PROVINCIAL ADMINISTRATION.  
ADMINISTRATOR'S NOTICES.**

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provincial Secretary.


Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 59.] [30 January 1963.

**OPENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF BETHAL.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Bethal, that a public road, 30 Cape feet wide, which traverses the farm Vaalkop No. 104—I.S., District of Bethal, shall exist in terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as shown on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 051-056-23/24/22/2.



D.P. 051-056-23/24/22/2.

VERWYSING	REFERENCE
Pad geopen	Road opened
Bestaande pad	Existing roads

Administrateurskennisgewing No. 60.] [30 Januarie 1963.  
**VERLEGGING EN VERBREDING.—OPENBARE PAD, DISTRIK VANDERBIJLPARK.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Vereeniging, goedgekeur het dat Provinsiale Pad No. P.24-1, oor die plase Patriotsfontein No. 558—I.Q., Holfontein No. 556—I.Q., Vlakplaats No. 555—I.Q., Linkholm Landbouhoeves en Rietkuil No. 554—I.Q., distrik Vanderbijlpark, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlé en na 120 Kaapse voet verbreed word, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 021-024-23/21/P.24-1 (a).

Administrator's Notice No. 60.] [30 January 1963.  
**DEVIATION AND WIDENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT VANDERBIJLPARK.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Vereeniging, that Provincial Road No. P.24-1 traversing the farms Patriotsfontein No. 558—I.Q., Holfontein No. 556—I.Q., Vlakplaats No. 555—I.Q., Linkholm Agricultural Holdings and Rietkuil No. 554—I.Q., District of Vanderbijlpark, shall be deviated and widened to 120 Cape feet in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-024-23/21/P.24-1 (a).



**VERWYSING**

**REFERENCE**

**PAD GEOPEN EN VERBREED** —————

**ROAD OPENED AND WIDENED** —————

**BESTAANDE PAAIE** = = = = =

**EXISTING ROADS** = = = = =

**PAD GESLUIT** = = = = =

**ROAD CLOSED** = = = = =

Administrateurskennisgewing No. 61.] [30 Januarie 1963.  
**OPENING.—DISTRIKSPAD, DISTRIK VANDERBIJLPARK.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Vereeniging, goedgekeur het dat 'n openbare distrikspad wat 'n verlenging van Distrikspad No. 1113 sal wees, sal bestaan oor die plaas Vlakplaats No. 555—I.Q., distrik Vanderbijlpark, ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 021-024-23/21/P.24-1 (b).

Administrator's Notice No. 61.] [30 January 1963.  
**OPENING.—DISTRICT ROAD, DISTRICT VANDERBIJLPARK.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Vereeniging, that a public district road, which shall be an extension of District Road No. 1113 shall exist on the farm Vlakplaats No. 555—I.Q., District of Vanderbijlpark, in terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as shown on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-024-23/21/P.24-1 (b).



**VERWYSING**

**REFERENCE**

**PAD GEOPEN** —————

**ROAD OPENED** —————

**BESTAANDE PAAIE** = = = = =

**EXISTING ROADS** = = = = =

Administrateurskennisgewing No. 62.] [30 Januarie 1963.  
**SLUITING VAN OPENBARE PAD—DISTRIK  
 PRETORIA.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Pretoria, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedgekeur het dat die openbare pad oor die plase The Willows No. 340—J.R., en Hatherley No. 331—J.R., distrik Pretoria, soos op bygaande sketsplan aangetoon is, gesluit word.

D.P. 01-012-23/24/T1.

Administrator's Notice No. 62.] [30 January 1963.  
**CLOSING OF PUBLIC ROAD.—DISTRICT OF  
 PRETORIA.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Pretoria, in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that the public road traversing the farms The Willows No. 340—J.R., and Hatherley No. 331—J.R., District of Pretoria, shall be closed, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 01-012-23/24/T1.



Administrateurskennisgewing No. 63.] [30 Januarie 1963.  
**VERLEGGING.—OPENBARE PAD, DISTRIK  
 ERMELO.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Ermelo, goedgekeur het dat Provinsiale Pad No. P26, seksie 3, oor die plase Witbank No. 262—I.T., Rietspruit No. 437—I.S. en Klipfontein No. 442—I.S., distrik Ermelo, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957) verlê word, soos op bygaande sketsplan aangedui word.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (A).

Administrator's Notice No. 63.] [30 January 1963.  
**DEVIATION.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF  
 ERMELO.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ermelo, that Provincial Road No. P26, section 3, traversing the farms Witbank No. 262—I.T., Rietspruit No. 437—I.S., and Klipfontein No. 442—I.S., District of Ermelo, shall be deviated in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (A).



D.P. 051-052-23/21/P26-3 (A)

VERWYSING		REFERENCE
Pad geopen	—————	Road opened
Pad gesluit	- - - - -	Road closed
Bestoende paarie	=====	Existing roads

Administrateurskennigewing No. 64.] [30 Januarie 1963.  
**OPENBARE PAD.—VERBREDING VAN PROVINSIALE PAD No. P26-3, DISTRIK ERMELO.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Ermelo, kragtens artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring verleen het dat die breedte van Provinsiale Pad No. P26, Seksie 3, vanaf die end van die opgemete erwe, Ermelo, op die plaas Nooitgedacht No. 268—I.T. en vandaar oor die plase Witbank No. 262—I.T., Rietspruit No. 437—I.S., Klipfontein No. 442—I.S., Drinkwater No. 443—I.S., De Goedehoop No. 473—I.S. tot op die grens van Ermelo distrik, op die plaas Uitspanning No. 477—I.S., distrik Ermelo, vermeerder word van 100 Kaapse voet na 120 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangedui word.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (B).

Administrator's Notice No. 64.] [30 January 1963.  
**PUBLIC ROAD.—INCREASE OF WIDTH OF PROVINCIAL ROAD No. P26-3, DISTRICT OF ERMELO.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ermelo, that in terms of section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), the width of Provincial Road No. P26, Section 3, from the end of the surveyed erven, Ermelo, on the farm Nooitgedacht No. 268—I.T., and hence over the farms Witbank No. 262—I.T., Rietspruit No. 437—I.S., Klipfontein No. 442—I.S., Drinkwater No. 443—I.S., De Goedehoop No. 473—I.S., up to the boundary of Ermelo District, on the farm Uitspanning No. 477—I.S., District of Ermelo, shall be increased from 100 Cape feet to 120 Cape feet, as shown on sketch plan subjoined hereto.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (B).



DP 051-052-23/21/P 26-3 (B)

VERWYSING

Pad verbreed

Bestoende paaie



REFERENCE

Road widened

Existing roads

Administrateurskennigewing No. 67.] [30 Januarie 1963.  
**OPENING.—DISTRIKSPAD, DISTRIK PRETORIA.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Pretoria, ingevolge paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedgekeur het dat 'n Distrikspad No. 1746 oor die plase The Willows No. 340—J.R. en Hatherley No. 331—J.R., distrik Pretoria, sal bestaan soos op bygaande sketsplan aangetoon word.

D.P. 01-012-23/22/1746.

Administrator's Notice No. 67.] [30 January 1963.  
**OPENING.—DISTRICT ROAD, DISTRICT OF PRETORIA.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Pretoria, in terms of paragraphs (b) and (c) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that a District Road No. 1746, traversing the farms The Willows No. 340—J.R. and Hatherley No. 331—J.R., District of Pretoria, shall exist as shown on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 01-012-23/22/1746.



VERWYSING

Pad geopen

Bestoende paaie

Pad gesluit

REFERENCE

Road Opened

Existing Roads

Road Closed

Administrateurskennisgewing No. 65.] [30 Januarie 1963.

**VERLEGGING.—OPENBARE PAD,  
DISTRIK ERMELO.**

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Ermelo, goedgekeur het dat Distrikspad No. 260, oor die plaas Rietspruit No. 437—I.S., distrik Ermelo, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlé word, soos op bygaande sketsplan aangedui word.


D.P. 051-052-23/21/P26-3 (C).

Administrator's Notice No. 65.] [30 January 1963.

**DEVIATION.—PUBLIC ROAD, DISTRICT  
OF ERMELO.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ermelo, that District Road No. 260, traversing the farm Rietspruit No. 437—I.S., District of Ermelo, shall be deviated in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (C).



D.P. 051-052-23/21/P26-3 (C)

<u>VERWYSING</u>		<u>REFERENCE</u>
Pad geopen	—————	Road opened
Pad gesluit	- - - - -	Road closed
Bestaande paaie	=====	Existing roads

Administrateurskennisgewing No. 68.] [30 Januarie 1963.

**PADREËLINGS OP DIE PLAAS VREDEBURG No. 256, REGISTRASIE-AFDELING I.O., DISTRIK SCHWEIZER RENEKE.**

Mét die oog op 'n aansoek ontvang van menere H. J. Fourie en I. J. Roodt om die verlegging van 'n openbare pad op die plaas Vredeburg No. 256, Registrasie-afdeling I.O., distrik Schweizer Reneke, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *agt-en-twintig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbendes is bevoeg om binne 30 dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Strecksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel *dertig* as gevolg van sulke besware.

D.P. 07-074S-23/24/V.7.

Administrator's Notice No. 68.] [30 January 1963.

**ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM VREDEBURG No. 256, REGISTRATION DIVISION I.O., DISTRICT OF SCHWEIZER RENEKE.**

In view of an application having been made by Messrs. H. J. Fourie and I. J. Roodt for the deviation of a public road on the farm Vredeburg No. 256, Registration Division I.O., District of Schweizer Reneke, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *twenty-eight* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objection, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 928, Potchefstroom, within 30 days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-nine* of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section *thirty* as a result of such objections.

D.P. 07-074S-23/24/V.7.

Administrateurskennisgewing No. 66.] [30 Januarie 1963.  
**SLUITING.—OPENBARE PAD,  
 DISTRIK ERMELO.**


Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Ermelo, goedgekeur het dat Distrikspad No. 1107, oor die plaas Klipfontein No. 442—I.S., Distrik Ermelo, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), gesluit word, soos op bygaande sketsplan aangedui word.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (D).

Administrator's Notice No. 66.] [30 January 1963.  
**CLOSING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT  
 OF ERMELO.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Ermelo, that District Road No. 1107, traversing the farm Klipfontein No. 442—I.S., District of Ermelo, shall be closed in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 051-052-23/21/P26-3 (D).



D.P. 051-052-23/21/P26-3 (D)

<u>VERWYSING</u>	<u>REFERENCE</u>
Pad / gesluit	— — — — —
Bestaande paaie	—————
	Road closed
	Existing roads

Administrateurskennisgewing No. 69.] [30 Januarie 1963.  
**ORDONNANSIE OP WINKELURE, 1959 (ORDONNANSIE No. 24 VAN 1959).—MIDDERNAGVOORREGTE.**

Die Administrateur wysig verder hierby die Bylae by Administrateurskennisgewing No. 132 van 17 Februarie 1960, deur die woord „Machadodorp” deur die woorde „Machadodorp, Nylstroom” te vervang.

T.A.A. 8/1/3/1.

Administrator's Notice No. 69.] [30 January 1963.  
**SHOP HOURS ORDINANCE, 1959 (ORDINANCE No. 24 OF 1959).—MIDNIGHT PRIVILEGES.**

The Administrator hereby further amends the Schedule to Administrator's Notice No. 132 of 17th February, 1960, by the substitution for the word “Machadodorp” of the words “Machadodorp, Nylstroom”.

T.A.A. 8/1/3/1.

Administrateurskennisgewing No. 70.] [30 Januarie 1963.  
**OPRIGTING VAN 'N SKUT OP DIE PLAAS KATDOORNBOS No. 138, DISTRIK POTCHEFSTROOM.**

Ingevolge die bepalings van die „Schutten Ordonantie”, No. 7 van 1913, het die Administrateur goedgekeur:—

1. Kragtens artikel drie, die oprigting van 'n skut op die plaas Katdoornbos No. 138, Distrik Potchefstroom, met brandmerk  $\diamond$  3d.

2. Kragtens artikel ses, die benoeming van mnr. R. P. Erasmus tot skutmeester van die skut opgerig ingevolge paragraaf 1 hierbo.

Die skutmeester se adres is Pk. Frederikstad, Distrik Potchefstroom.

T.A.A. 10/1/173.

Administrator's Notice No. 70.] [30 Januarie 1963.  
**ESTABLISHMENT OF A POUND ON THE FARM KATDOORNBOS No. 138, DISTRICT POTCHEFSTROOM.**

Under the provisions of the Pounds Ordinance, No. 7 of 1913, the Administrator has approved:—

1. In terms of section three, the establishment of a pound on the farm Katdoornbos No. 138, District Potchefstroom, with brand  $\diamond$  3d.

2. In terms of section six, the appointment of Mr. R. P. Erasmus as poundmaster of the pound established in terms of paragraph 1 above.

The Poundmaster's address is P.O. Frederikstad, District Potchefstroom.

T.A.A. 10/1/173.

Administrateurskennisgewing No. 71.] [30 Januarie 1963.

MUNISIPALITEIT NIGEL.—WYSIGING VAN WATERVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende verordeninge, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:—

MUNISIPALITEIT NIGEL.—WYSIGING VAN WATERVERORDENINGE.

Die Waterverordeninge van die Munisipaliteit Nigel, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 405 van 11 Julie 1928, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Watertarief te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„Watertarief.

*Skaal 1.*—Die vordering vir water gelewer aan verbruikers vir huishoudelike, nywerheids- en besigheidsgebruik, wanneer die aanvraag minder as 100,000 gellings per maand beloop, is:—

- (a) Vir die eerste 1,000 gellings of gedeelte daarvan in enige maand verbruik, 80c.
- (b) Vir enige hoeveelheid bo 1,000 gellings tot en met 11,000 gellings in dieselfde maand verbruik, vir sodanige oormaat, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, 40c.
- (c) Vir enige hoeveelheid bo 11,000 gellings in dieselfde maand verbruik, vir sodanige oormaat, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, 30c.

Minimum vordering, 80c per maand:

Met dien verstande dat, wanneer water by die groot maat aan 'n groep woonhuise gelewer word, die totale aantal gellings verbruik, gelykop verdeel word tussen die huise en vir die doel van die vasstelling van gelde deur die Raad, die tarief van toepassing is op elke huis asof elkeen 'n aparte verbruiker is.

*Skaal 2.*—Die vordering vir water wat aan 'n fabrikant of nywerheidsonderneming gelewer word wanneer die aanvraag meer as 100,000 gellings per maand beloop:—

- (a) Vir die eerste 20,000 gellings in enige maand verbruik, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, 35c.
- (b) Vir enige hoeveelheid bo 20,000 gellings, tot en met 100,000 gellings in dieselfde maand verbruik, vir sodanige oormaat per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, 25c.
- (c) Vir enige hoeveelheid bo 100,000 gellings in dieselfde maand verbruik, vir sodanige oormaat per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, 17c.

Minimum vordering, R7 per maand.

*Skaal 3.*—Spesiale verbruikers.

Ondanks andersluidende bepalinge in hierdie verordeninge vervat, is die volgende skaal van toepassing op die ondergemelde verbruikers:—

- (a) Vir water gelewer aan die Nigelse Hospitaal en Sentrale Vliegskool te Dunnottar, 20c per 1,000 gellings of gedeelte daarvan.
- (b) Vir water gelewer aan die Primrose Brickworks, 25c per 1,000 gellings of gedeelte daarvan, onderworpe aan 'n maandelikse minimum vordering van R20.
- (c) Vir water gelewer aan die Grootfontein Melkery, 25c per 1,000 gellings of gedeelte daarvan.”

T.A.L.G. 5/104/23.

Administrateurskennisgewing No. 72.] [30 Januarie 1963.

MUNISIPALITEIT LOUIS TRICHARDT. — REGULASIES VIR GELISENSIEERDE PERSELE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge die bepalinge van subartikel (5) van artikel agt-en-dertig van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende regulasies wat deur hom

Administrator's Notice No. 71.] [30 January 1963.

NIGEL MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO WATER BY-LAWS.

